**SAWA WATERBERG**

**"SAWA WATERBERG SE EMMARENTIA GELDENHUYS KUIER VERLOOP PUIK"**

Dit was met groot afwagting dat SAWA Waterberg lede al Woensdag 14 April 2010 saamgetrek het by Emmarentia Geldenhuys ter voorbereiding van die aankoms van Gebied Jakaranda lede wie as ons 'gaste' kom kuier het.

Ons 'Spanne' het hulle werk deeglik beplan en Woensdag was die aandag gevestigop die terrein, die krag en ablusie fasiliteite. Dirk Kloppers, EG se bestuurder, het al klaar die gras gesny en bome gesnoei. Die oord was in 'n puik toestand en die koelte bome voldoende en pragtig. Ons was ook geséend met die mooiste weer oor die hele naweek.

Van ons gaste het al Woensdag saamgetrek (14 waens altesaam); en het ons met die informele deel van die kuier begin. Ons het 'boekevat' gehou en ook die braaivleis vure gesellig verkeer.

Donderdag het rustig verloop met nog gaste wat opgedaag het. Intussen het ons 'aktiviteit spanne' hulle finale beplanning gedoen.



Vrydag begin die saamtrek. Die woonwaens het ingestroom. Ons 'ontvangs spanne' het reggestaan en ons gaste het vinnig nesgeskop. Vrydagaand se 'boekevat', wat deur Leon Rossouw van Waterberg, gehou is was inspirerend. Daarna is 'Jumbo Hamburgers' bedien deur die 'hamburger span'. Die bou van die hamburgers het vinnig en vlot verloop en ons het almal lekker saam gekuier.

Saterdagoggend het die 'pannekoek span' vroeg aan die gang gekom. Ons het 'n 'koffie kroeg' oopgemaak en na die 'boekevat', wat deur Frank en Hettie Smith gehou is, het die kuier weer begin.

Die marktafel het baie suksesvol verloop. Al die items o.a. naaldwerk, koeksusters,, verskeie konfyte, krale werk ens. het vinnig verkoop.

Intussen is daar rugby gekyk en rondgery in die Warmbad/Nylstroom omgewing. Saterdagmiddag neem die ‘Braaivleis span’ oor. Hulle het die lekkerste ‘Pap en Sous’ voorberei en toe ook 8 braaivure aangesteek. Daar is ook 4 ‘vuurkegels’ aangesteek wat die ‘ambiance’ van die kuierarea baie aantreklik gemaak het. Voor die vleis op die vure gesit is het ons ‘n ‘American Auction’, ‘n ‘Head Tails Auction’ en die trek van die lotery gehou; geluk aan die pryswenners. Ons het tot laat lekker saamgekuier !!!!!



Sondag oggend het Ds. W.P. Prinsloo die Erediens waargeneem Die Kapel by Emmarentia is baie mooi en die SAWANANTE het uit volle bors saamgesing; selfs die Predekant was beindruk met die sang !! Daarna het elke Streek sy afsluiting gehou en is die saamtrek amptelik verby.

Mense vra of die saamtrek ‘n sukses was. Streek Waterberg wil onomwonde antwoord ‘JA’. Die volgende hoogtepunte word genoem

- Die oord was baie mooi en die naweek tarief was bekostigbaar. Dankie aan Dirk Kloppers en sy span wat so hard gewerk het om ons gelukkig te hou. Die ablusie en krag fasiliteite was heeltemaal voldoende.
- Die ‘gees en kuier’ onder die 6 streke teenwoordig was besonders. Ons het vele komplimente gekry oor die manier waarop ons mekaar gevind het.
- Die Streek Waterberg spanne het hard gewerk. Dankie aan almal, dit was die moeite werd.
- Ons het geen klagte ontvang van enige aard oor die naweek nie.

Dankie aan ons Hemelse Vader dat hy ons in sy hande geneem het gedurende die naweek. Dankie aan almal wat ons kom ondersteun het !!!!!

**M.C. UECKERMANN**
**SAWA Waterberg**
**21 April 2010**